# Die Afrikaner

sedert 1970

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

## Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: ______________________________

Adres: ______________________ Sel. ______________________

______________________ E-pos ______________________

______________________

Poskode: ________

ID Nr: ______________________ Datum: ____________

**AAN: *Die Afrikaner*, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.**

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

**BANK** ________________________

**TAKNAAM EN DORP** ________________________

**TAKNOMMER**: ____________ **REKENINGNOMMER**: ____________________

**TIPE REKENING**: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

**BEDRAG:** R __________ ( ________________________ **Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, "dra dit aan u op", en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of 'n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang ____________________. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op 'n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te ____________________ op hierdie _____ dag van ______________ 2024.

______________________________
HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie

# Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

# Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: ☐ Prof ☐ Dr ☐ Mnr ☐ Mev ☐ Mej

Van en Voorletters: ____________________

Adres: ____________________________ Sel.no.: _______________________

____________________________ E-pos: _______________________

____________________________

Poskode: ________

ID No: _________________________________

Vaardigheid/Beroep: _______________________________

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: ______________________ Datum: ________________

**Goedkeuring van Lidmaatskap**

**Datum van toelating:** _______________________ **Ledegeld betaal:** _____________

**(Get.) Werwer (HNP-lid):** ____________________________________________________

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

*Kantoorgebruik:*

Datum waarop aansoek ontvang is: ______________ Lidnommer: _______________________

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: _______________________

***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in 'n ouetehuis woon...



# Liewe Sus Katrien, (128)

Hierdie was regtig 'n anderster winter. Dis warm, maar ook nie warm nie en as dit koud is, is dit ook nie koud soos in koud nie. Mens kan nooit weet wat om aan te trek nie. Ek dog toe miskien kry ons vroeg lente, maar die bome sê hulle weet van beter, hulle rus nog.

Ou witstinkhout het nog nie eens fyn knoppies aan die takke nie en selfs die moerbeibome wat altyd eerste blare kry, staan steeds poedelkaal.

Lente of nie lente nie, werk gaan voort. Donderdagoggend het ons toe almal byeen gekom saam met die vrouens van Kwadraat om bietjie ons oorlewingsbeplanning goed uit te pluis en te kyk waar nog leemtes is. Vir die geleentheid het Bokkie vir ons die heerlikste konfyttertjies gebring.

Annaprof is eerste aan die woord. Sy het blykbaar 'n paar artikels uit die buiteland gelees oor veral die lang lewe en nut van blikkieskos. Lys in die hand is sy winkel toe, nou spring haar brilletjie sommer so op en af van ontsteltenis soos sy vertel van wat sy gesien het. "Ek dink nie ons besef aldag hoeveel soorte blikkieskos word net nie meer gemaak nie. Daar is wel rakke vol blikkies maar bitter min verskeidenheid. Wat my rêrig getref het, is dat daar nêrens blikkies sardiens te kry is nie. Sardiens het 'n hoë voedingswaarde en lang raklewe. Jy kan dit boonop op baie interessante maniere opdis en nou is daar niks. Glo vir etlike maande al."

"Dit sit seker op 'n boot in Hormoes," lag Kwarta. "Dis mos deesdae die verskoning in al die winkels".

"Jy kan darem nog ons plaaslike sardyne kry," sê Eeufeesia. "Om nie te praat van bokkoms en snoek nie."

"Miskien moet ons vir Eerwaarde vra dat sy neef op Paternoster vir ons nog bietjie bokkoms stuur en sommer bokkompoeier ook, dis so lekker in brood," sê Heidie.

"Maak net seker daar's genoeg plek by die stookketel om dit op te hang, ek hoor Jakobus se neef stuur vir ons 'n streepsak biltong," sê Pollonia.

Die tweede koffie is geskink en ons is steeds besig met visse in alle vorms. Wel, dis ten minste voedsame kos maar 'n druppel in die emmer vir wat ons beoog. Ek probeer om die beplanning effe te laat vorder.

"Aangesien dit Augustus is, moet ons nou daaraan dink om pampoene te begin plant," sê ek.

Hortensia is ons beste tuinier. "Mens maak 'n ronde dammetjie en sit 12 pitte in," sê sy. Dit kan baie mooi wees as jy die ranke langs jou grasperk kan lei of selfs as jy dit in potte plant kan dit mooi lyk op 'n stoepie. Kyk net dat julle pitte plant waarmee nie gepeuter is nie sodat die nuwe pampoene se pitte kan groei ."

"Dis uitstekend," sê Sienie. "Pampoene hou lank en jy kan selfs konfyt daarvan kook. My bokke sal al julle skille verwelkom. Ons gaan reeds môre dorp toe, ek sal saad koop vir almal wat wil hê."

"As ek iets kan sê," kom van skugter Pruimie, "ek dink Wilhelm en oom Janneman kan 'n pampoenbedding langs die bakoond omspit."

Toe ek vir Servaas van ons pampoenplantery vertel, lag hy lekker. "Wilhelm sal nooit daar langs die bakoond 'n bedding omspit nie, dis dan sy kolletjie vir 'n middagslapie!"

Groete ook aan ou Swaer.

Jou liefhebbende
*Sus Lettie*





Die hele optrede waaraan ons sou deelneem, het gestaan onder bevel van lt.kol. Jonck van hoofkantoor. Feitlik elke dag as ons geoefen het aan die optrede, was hy daar om seker te maak dat alles reg verloop. Dan het hy al die beswaarmakers een vir een ingeroep om hulle te oortuig om tog maar te gaan. Die meeste het ingegee, maar ek het geweier. Elke liggaamsoefeninge-periode het hy my ingeroep na die instrukteurskantoor, en dan het ons lang politieke argumente gehad. Ek het dit geniet, want ek het nie gesweet aan die oefeninge soos my kollegas nie...

Uiteindelik is omtrent almal op die trein weg na Durban, 'n klompie moes agterbly om die kollege te bewaak. En daar word ek sowaar in beheer van die kollege-oppasspan geplaas terwyl alle offisiere en onderoffisiere ook weg was. Net een offisier het agtergebly, en die het my een maal per dag laat roep om te verneem of alles na wense was.

Kol. Jonck en ek het in die proses eintlik nogal 'n goeie verhouding opgebou, al was hy natuurlik 'n Nat-ondersteuner.

Toe kom die verkiesing net daarna. Die nag van die uitslae het ek en 'n ander HNP-man van die Oos-Kaap deurnag by die radio gesit en die uitslae beluister, en was ons natuurlik opgewonde oor die HNP se goeie vordering.

Toe ek kol. Jonck weer raakloop net daarna, noem ek net so terloops dat dit uit die verkiesingsuitslae blyk dat toenemend meer mense soos ek voel... Hy het verleë gelag, maar kry toe sy hou in: die Republiekfees was iets buite die Spoorwegpolisie se normale aktiwiteite. Die komende uitpassering van die nuwe konstabels is egter suiwer 'n Spoorwegpolisie aktiwiteit, en daarvan kan ek nie vrygestel word nie... En Bloemfontein se swart kollege het weer daaraan deelgeneem.

Dit was tog interessant om te sien hoe groot die invloed van ***Die Afrikaner*** was in daardie tyd...

---




**HUTTEN-BUCHDIENST**

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers

www.hutten.co.za **hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148



***Die Afrikaner***

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf
vandegraafhenk@gmail.com



**Medewerkers:**

Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mnr. Rudolf Buitendach
Dr. Sydney Gregan
Mnr. Meinhard Peters
Mev. Alet Murray
Dr. Gideon Grobler

**Uitleg en tegniese versorging:** Mev. Juanita Powroznik



# Staaltjies uit die HNP se Geskiedenis

## Die 1981-verkiesing en Republiekfees

**Henk van de Graaf**

In die eerste plek wil ek net die bydraers vir hierdie rubriek bedank. Daar is nog 'n paar in voorraad wat so stuk-stuk geplaas gaan word, en daar is weer eens 'n uitnodiging dat alle lesers wat iewers met die HNP te doen gehad het op persoonlike vlak, hulle ervarings met ons sal deel. Dit is immers deel van die geskiedenis, en kan op hierdie wyse verewig word.

Na Johan Wiesner se vorige stuk oor die 1981-verkiesing, het ek besluit om sommer dadelik daarby aan te haak en ook so 'n bietjie van my ervarings in daardie tyd te vertel.

In vorige aflewerings het ek vertel van die HNP-Jeugstrydaksie en ons tak by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.




Toe ek daar klaar is, is ek na die destydse SA Spoorwegpolisie. My ses maande basiese opleiding het ek in die eerste helfte van 1981 ondergaan in die kollege te Esselenpark, naby Kemptonpark.

In 1981 het daar twee belangrike gebeurtenisse plaasgevind.




Die een was die algemene verkiesing, waarin die HNP skouspelagtige vordering gemaak het, en die ander een was die twintigjarige herdenking van Republiekwording.

Die Republiekwording sou gevier word met 'n groot geleentheid in Durban. Ons van die blanke Spoorwegpolisiekollege van Esselenpark sou daarheen gaan en 'n liggaamsoefeninge vertoning lewer. Maar toe kry ons die nuus dat die swart Spoorwegpolisiekollege se lede van Bloemfontein ook daaraan deel sou neem. Deelname van almal was verpligtend.

Ons kon darem briewe skryf en ontvang sonder dat dit gesensureer is. Ek skryf dus onmiddellik 'n brief aan ZB du Toit, wat ek deur die Jeugstrydaksie goed leer ken het. Ek is nie seker of ZB toe al redakteur van ***Die Afrikaner*** was nie, en of Beaumont Schoemen nog die redakteur was nie. Nietemin, ek het al met mede-polisielede my ontevredenheid gedeel dat ons die blanke Republiekwording in 'n rasgemengde optrede moet vier, en het nogal ondersteuning gekry. Ek meld toe aan ZB dat daar Spoorwegpolisielede is wat beswaar het daarteen, maar dat ons verplig word.

Vrydag kom ***Die Afrikaner*** uit met 'n prominente berig na aanleiding van my brief.

Maandagoggend is omtrent die hele generale staf van Spoorwegpolisie se hoofkantoor in Johannesburg op Esselenpark en spreek die manne in opleiding toe. Ek onthou nog hoe die een senior offisier erg omgekrap gesê het dat hy "nie weet wat die probleem is met die gemengde optrede in Durban nie," maar kondig nietemin aan dat mense wat enige probleem daarmee het, net kan uittree en hulle sal dan verskoon word van die optrede.

Natuurlik staan ek voor in daardie ry, saam met 'n klompie ander wat ook so gevoel het. Die meerderheid het egter uitgesien na die uitstappie na Durban, waar die kwartiere nie elke dag blink gepoets hoef te word nie, en waar daar geen strafdril of dergelike aktiwiteite sou wees nie.

skoonheidskompetisie sonder skoonhede...

Maar die ANC het wel sy verkiesingsmanifes bekendgestel – ook ‘n kopie van die res. Maar die ANC-grootbaas, Ramapokker, besef toe wel dat hy en sy party oor drie dekades soveel vernietig het, dat hy geen kans meer verdien nie. Hy kom toe met die pleidooi dat die ANC “’n laaste kans gegun moet word.”

Hy het ook beloof dat Luthuliehuis elke plaaslike owerheid sal dophou om seker te maak dat rade hulle werk doen. Iets wat vir **Sarel** ook maar klink na ‘n verdere sentralisering van mag, want die ANC wil mos alles van bo af beheer.

*• **Sarel** vermoed dat daar iewers nog geld is wat nog nie gesteel is nie... Vandaar die pleidooi vir ‘n “laaste kans”...*

---

## En wat van Moslem-instellings, Nadia?

“Die bou van ‘n Afrikaansmedium universiteit in Pretoria hou ‘n gevaar in vir demokrasie in Suid-Afrika, en is ‘n bewys dat landburgers oorgerus is en hul vryheid as vanselfsprekend aanvaar.”

Aan die woord is Nadia. Nadia Pandor. Nadia is die Islamitiese naam van Naledi Pandor, voormalige ANC-minister wat nou veel te sê het oor die bou van die Christelik-Afrikaanse universiteit, Akademia.

Pandor het in ‘n Christelike huis grootgeword maar haar later tot Islam “bekeer” toe sy haar man, Sharif Joseph Pandor, in Botswana ontmoet het.

Maar terwyl Pandor so oor die Afrikaanse akademiese instelling tekere gaan, verswyg sy gerieflikheidshalwe dat daar wel al Moslem- of Islamitiese tersiêre onderwysinstellings in Suid-Afrika, en sommige bied kwalifikasies wat formeel binne die Suid-Afrikaanse Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR/NQF) geregistreer is.

Die belangrikste onderskeid is tussen Islamitiese instellings wat formele, staatsgeregistreerde hoër onderwys aanbied, en madrasahs of Islamitiese opleidingsinstellings wat hoofsaaklik godsdienstige onderrig gee.

Die International Peace College South Africa (IPSA) in Kaapstad is waarskynlik die bekendste voorbeeld. Dit beskryf homself as 'n Islamitiese tersiêre instelling en was die eerste amptelik geregistreerde Islamitiese tersiêre instelling van dié aard in Suid-Afrika.




'n Tweede belangrike instelling is die Madina Institute NPC, met sy oorsprong in Kaapstad.

SAQA erken 'n BA in Islamitiese Studies (Usul al-Din) van Madina Institute as 'n NQF-vlak 7-graad met 360 krediete. Die kwalifikasie is tans geregistreer tot 4 Junie 2027.

Die interessante aspek van Madina is dat dit nie bloot 'n informele Islamitiese kollege is nie: die kwalifikasie is binne die Higher Education Qualifications Sub-Framework geregistreer.

*• Maar ons ken die ANC mos nou al langer as vandag: Alles is toelaatbaar, behalwe as die Afrikaners iets vir hulleself doen. Intussen doen die ander dit ook, maar net meer in die geheim, want ons Afrikaners het niks om weg te steek nie!*

---


# “Sy doodkry was (nog steeds) nie”




’n Stel van **8 DVD’s** (ook op ’n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor die afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer.
Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige video-materiaal uit dié era.

**R800 per stel van 8 DVD’s (netjies verpak) of ’n geheuestokkie.**




## VF Plus aan die wen of verloor?

Een ding is seker: die politiek bly dinamies, vloeibaar en vol verrassings.

Die een oomblik kry **Sarel** 'n mediaverklaring van VF Plus se Jaco Mulder waarin gejubel word oor die vordering wat dié party sou maak in Natal omdat die vergadersale vol is waar Corné Mulder toesprake hou.

Slegs minute later kom die berig deur: die voormalige burgemeesterskandidaat van VF Plus in Pretoria, Grandi Theunissen, het uit die VF Plus bedank en by die DA aangesluit, en **Sarel** sien sommer 'n foto by die berig van die DA se burgemeesterskandidaat, Cilliers Brink, wat sy nuwe partygenoot se hand skud. Dus die "wen" in Natal word sommer dadelik oorskadu deur 'n verloor in Pretoria, veral ook omdat Theunissen die VF Plus se streekvoorsitter in Pretoria was.

Daar is natuurlik 'n geskiedenis hieragter, wat ver terug gehaal kan word.

Willie Spies het verlede jaar bedank as uitvoerende voorsitter en direkteur van Pretoria FM omdat hy 'n terugkeer na die politiek wou maak. Dit het toe al uitgelek dat hy geoormerk is om VF Plus se burgemeesterskandidaat te word.

Spies het uit VF Plus en as parlementslid bedank toe sy eertydse leier, dr. Pieter Mulder, deur Jacob Zuma aangestel is as adjunkminister van landbou, en Mulder dit aanvaar het. Spies is weg en het by Afriforum gaan draai, en later het Solidariteit hom ingekry by Radio Pretoria as bestuurder, terwyl hy steeds sy eie prokureurspraktyk bedryf het.

Nou, jare later, het die Plussers se statuur in die ANC regering gebroei van Mulder as adjunkminister, na Groenewald as minister. Die een Mulder is intussen uit, en is nou opgevolg deur sy jonger broer. Skynbaar kom die jonger Corné Mulder beter met Spies oor die weg as Ouboet, want Corné het Spies oortuig om weer by die party en die politiek betrokke te raak. Duidelik ook met 'n belofte van 'n senior soort pos. Spies is inmiddels aangewys as burgemeesterskandidaat vir die Plussers, maar Theunissen was steeds koukusleier in die raad, terwyl Spies nie in die stadsraad is nie. Theunissen was dus die senior persoon in die stadsraad, en was dit verkieslik dat hy uit die weg geruim word.

'n Week gelede is berig dat Theunissen deur Corné verwyder is as koukusleier en deur ene Meijer vervang is – 'n redelik jonger man wat as Spies se junior gesien sou kon word.

*• **Sarel** het so iets voorsien. Toe Spies by Radio Pretoria aangekom het, het hy daar ook die ouer en lojale personeel die een na die ander laat verwyder. Daar kan dalk nog volg...*

*En net nadat **Sarel** die bostaande geskryf het, het dit bekend geword dat Willie Spies ingehuldig is as raadslid vir die Plussers. Sy doel is bereik: Theunissen is uit, en hy het die sagte kussing oorgeneem...*

---

## Verkiesingsmanifeste verbeeldingloos

Intussen is die ander partye met hul eie dinge besig. Verkiesingsmanifeste word bekendgestel en groot gewag word gemaak van burgemeesterskandidate.

Vir **Sarel** lyk al die manifeste dieselfde, so al asof hulle by mekaar afgeskryf het soos stout skoolkinders, en die een wil sy beloftes mooier poleer as die ander. Alle beloftes is ook dieselfde: beter dienslewering, uitroei van korrupsie, ens. ens.



Die ANC het skynbaar net soveel interne woelinge as die Plussers. Hulle het skoon die aanwys van hul burgemeesterskandidate uitgestel, en by die mediakonferensie wat daarvoor bedoel was, aangekondig dat dit die "finaliste" is – amper soos 'n

se geanimeerde feministiese reeks "Pearl" in produksie sou gaan. Die projek is die volgende somer gestaak. Terwyl die paartjie se 2024 Netflix-dokumentreeks "Polo" - wat deur die *Guardian* 'n "onbedoelde komedie" genoem is - wel uitgesaai is, was dit 'n totale mislukking. Vroeër vanjaar het Netflix van Markle se leefstylhandelsmerk *As Ever* afgestig en besluit om nie haar kookprogram "With Love, Meghan" te hernu nie. Hulle het 'n winsgewende ooreenkoms met Spotify ter waarde van ongeveer $20 miljoen gehad, maar dit het in 2023 misluk.

Die paartjie se jongste mislukking, 'n dokumentêr genaamd "Cookie Queens" wat hulle as uitvoerende vervaardiger vervaardig het, het teen 18 Augustus minder as $600,000 verdien, volgens gerapporteerde loketsyfers.

Daarom het hulle besluit om iewers hierdie maand terug te trek na Brittanje.

Hul kinders, die 7-jarige Prins Archie en die 5-jarige Prinses Lilibet, is ingeskryf om skool te begin in die VK, 'n deel van die wêreld waaroor Harry eens gekla het "deur wit mense vir wit mense geskep is." Die koninklikes se besluit om terug te keer kom 'n jaar nadat Harry verklaar het dat hy, ten spyte van sy mis na sy vaderland, "op hierdie stadium nie 'n wêreld kan sien waarin ek my vrou en kinders na die Verenigde Koninkryk sal terugbring nie."

# Lesers sê hul sê

**vandegraafhenk@gmail.com**

**Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*.**

**Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg.**

**Briewe met 'n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie. *(Red.)***

## Kry politieke mag in wyke

Gun my die geleentheid om te reageer op mnr. Meinhard Peters se Perspektief in ***Die Afrikaner*** van 24 Julie 2026 onder die opskrif "Demografiese Kerngebiede".

Tans is daar twee Afrikaner kerngebiede waarvan gereeld kennis geneem word, naamlik Orania en Kleinfontein. Tog huisves daardie twee gebiede saam nog nie eers 50 000 Afrikaners nie.

Daarenteen is dit wel so dat miljoene Afrikaners in nie-erkende kerngebiede in stede en die platteland woon en ook daar met beperkte middele en magte na hulleself kyk.

Mnr. Louis van der Schyff het altyd gesê dat ons dinge kan verander as ons die politieke mag het.

Sou plaaslike regeringsverkiesings nie die geleentheid kon wees om daardie politieke mag te bekom in dié gebiede waar Afrikaners reeds saamwoon nie? 'n Veldtog op die beginsels wat mnr. Peters in sy rubriek gemeld het, kan weer 'n sluimerende nasionalisme laat herontwaak, sal weer moed en visie skep en nuwe volkstrots en volksdoel vestig. Dit sal ook die debat wegneem van slaggate en slegte dienslewering, waaraan alle partye ewe veel deelneem, en 'n totaal nuwe gesprek op die politieke toneel plaas. Wyke wat so oorgeneem kon word, sal dan 'n unieke mandaat verskaf vir Afrikanerbelange, wat nie in enige koalisie verwater kan word nie.

Dit is dalk nog 'n strategiese uitdaging waaraan mnr. Peters aandag kan gee.

**Dr. AW van Dyk**
*Kaapstad*




**HUTTEN-BUCHDIENST**

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers

www.hutten.co.za **hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148

of nie. Sulke weldoeners besoek gereeld Castel Gandolfo en word dan bederf. Maar sover bekend, was dit die eerste keer dat die Pous homself op hierdie manier geleen het tot 'n geheime vergadering met vrygewige skenkers.

Daar is iets meer merkwaardig omtrent hierdie "oomblik van gebed vir vrede". Die openbare konsert is regstreeks uitgesaai deur NBC en die Spaanstalige Telemundo, wat sedert 2001 aan dieselfde mediakonglomeraat behoort, met eksklusiewe uitsaairegte.

Boonop kon ster-aanbieders van beide kanale, wat spesiaal van die VSA ingevlieg is, kort onderhoude met die Pous voer. Tydens sy pontifikaat, wat nou veertien maande geduur het, het Leo XIV tot dusver slegs drie eksklusiewe onderhoude gegee, almal aan vriendelike Amerikaanse media en joernaliste, insluitend 'n joernalis wat vir die Katolieke webwerf Crux werk.



Hoe het NBC dit reggekry? Beide NBC en Borgo Laudato ontken dat betaling gemaak is vir die onderhoude met die Pous. Maar dit is duidelik dat die twee gesprekke met die Pous deel was van die uitsaairegte vir die konsertgebed wat deur NBC verkry is. Of NBC, wat 'n hele span ingevlieg het, ook hiervoor betaal het, wil niemand sê nie.

Terwyl die maaltyd wat die Pous vroeër vanjaar met die armes van Rome gedeel het, wyd in die media gedek is, moes die maaltyd met welgestelde en invloedryke Amerikaners, wat deur dieselfde pouslike tuine in klein voertuie rondgery is, onder die radar bly.

---

## Britse koninklikes nie deel van "die dapperes" nie



Dié paartjie was klaarblyklik nie gemaak vir die tuiste van die dapperes nie.

Die Britse prins Harry en sy kleurling vrou, Meghan Markle, was klaarblyklik nie gemaak vir "die land van die vryes nie". Nadat hulle 'n paar jaar van luuksheid in Los Angeles getrotseer het, beplan hulle nou om na Brittanje terug te trek.

Meghan Markle is gebore in Amerika uit 'n swart Afro-Amerikaanse moeder en Europese pa.

Nadat Britse belastingbetalers $3 miljoen opgedok het om die paartjie se 18de-eeuse huis op die terrein van Windsor Castle-landgoed op te knap, het die Hertog en Hertogin van Sussex in Januarie 2020 hul besluit aangekondig om "'n progressiewe nuwe rol binne hierdie instelling uit te kerf" en "terug te tree as 'senior' lede van die Koninklike Familie."

Hulle het 'n rukkie in Kanada rondgeslenter en toe in 2020 na die Verenigde State verhuis om na bewering 'n "meer vreedsame" privaat lewe vry van koninklike pligte na te streef.

In Februarie 2021 het Buckingham-paleis aangekondig dat Koningin Elizabeth die hertog en hertogin in kennis gestel het dat "om weg te tree van die werk van die Koninklike Familie dit nie moontlik is om voort te gaan met die verantwoordelikhede en pligte wat met 'n lewe van openbare diens gepaardgaan nie. Die ere-militêre aanstellings en koninklike patronaatskappe wat deur die Hertog en Hertogin gehou word, sal dus aan Haar Majesteit terugbesorg word, voordat dit herverdeel word onder werkende lede van die Koninklike Familie."

Bevry van die verantwoordelikhede en eerbewyse wat deur sy voorvaders aan die prins nagelaat is, het die duo die afgelope jare die kollig nagejaag.

Die DEI-hertogin – wat na haar vestiging in Kalifornië by verskeie geleenthede Brittanje daarvan beskuldig het dat dit 'n rassistiese land is en dat sy en Harry vertrek het weens sogenaamde onverdraagsaamheid in die Huis van Windsor – het egter nie die soort mediasukses geniet waarna sy blykbaar gesmag het nie.

Daarna het die een mislukking na die ander gevolg. Netflix het in Julie 2021 aangekondig dat Markle

gesing, begelei deur 'n koor van 164 kinders uit vyf krisisgeteisterde gebiede. Dit het geklink soos 'n somber, geestelike gebeurtenis.

Hierdie gebedsessie, begelei deur Bocelli en die kinderkoor, is regstreeks uitgesaai deur die Amerikaanse netwerke NBC en Telemundo. Joernaliste van ander media wat teenwoordig was, is egter nie toegelaat om met besoekers te praat nie en is onder streng beheer gehou. Die rede hiervoor lê dalk in iets wat nêrens genoem is nie: daarna het Pous Leo XIV 'n privaat ete bygewoon met 'n groot groep welgestelde, hoofsaaklik Amerikaanse gaste. Hulle het ook aan die gebedsmoment deelgeneem. Bocelli het hulle toe 'n ekstra privaat konsert agter geslote deure gegee tydens 'n byeenkoms wat die Vatikaan geheim probeer hou.



Die persverklaring na die tyd het verklaar dat "werknemers van die Heilige Stoel, die regering van Vatikaanstad en die kantore van die Romeinse Kurie" aan die byeenkoms sou deelneem. Foto's wys dat verskeie sitplekke leeg gebly het. "By ons is die uitnodiging eers die oggend van die konsert op die kennisgewingbord geplaas," het 'n Vatikaanwerknemer gesê. Wat nie in die persverklaring genoem is nie en wat geheim moes bly: 'n aansienlike aantal welgestelde gaste, hoofsaaklik Amerikaners, het ook die gebedsbyeenkoms bygewoon.

"Daarna is alle gaste genooi na 'n gesamentlike onthaal, in die gees van gasvryheid wat kenmerkend is van Borgo Laudato s'n. Dit bied 'n geleentheid vir ontmoeting en dialoog," het die persverklaring ook gesê.

In werklikheid was beide groepe streng geskei na die konsert. Die buffet was vir die Vatikaanse personeel; die welgestelde skenkers is na 'n ander plek op die terrein gelei.

Onder hulle was Rudy Giuliani, die 81-jarige Katolieke voormalige prokureur vir die Amerikaanse president Donald Trump, wat van 1994 tot 2002 as burgemeester van New York gedien het. Ook teenwoordig was die Venezolaanse bankier Julio Herrera Velutini, die Joodse fondsinsamelaar Israel Schachter, en Alex Capecelatro, die homoseksuele KI-entrepreneur wat in Desember 2025 deur Pous Leo XIV in 'n privaat gehoor ontvang is, saam met sy man en Aartsbiskop José Gomez van Los Angeles. Verder, hoofsaaklik suksesvolle sakelui van Florida en veral Chicago.

"Na die konsert met die kinders het die Pous met 'n paar aanwesiges vergader en kortliks hul hande geskud," is al wat Matteo Bruni, die Vatikaan se woordvoerder, daaroor bereid was om te sê.

Dit is op sigself korrek: alle welgestelde gaste kon die Pous persoonlik groet, soos blyk uit foto's wat van die geleentheid geneem is. Maar oor wat na daardie handdruk gebeur het, bly almal stil.

Daar is foto's in omloop wat die Pous te midde van die welgestelde gaste wys, aan tafel nommer vyf, in die middel van die saal. Die ronde tafels was weelderig gedek. Tien goudkleurige stoele per tafel, terwyl 'n houtstoel met stoffering vir Leo XIV gereserveer was.

Volgens ingeligtes is die kos deur 'n eksterne restauranteienaar voorberei. Art Smith, die Amerikaanse bekende sjef, restauranteienaar en kookboekskrywer van Chicago wat deur Borgo Laudato aangestel is, het nog nie opgedaag nie.

Waarom het soveel welgestelde Amerikaners na Castel Gandolfo gekom? En waarom is daar soveel geheimhouding daaroor?

Die Andrea Bocelli-stigting, wat op die Borgo Laudato-webwerf as mede-organiseerder aangekondig is, is nie bereid om enigiets meer daaroor te sê nie. Vrae word verwys na Borgo Laudato self, die Vatikaanse stigting wat na bewering die organisasie hanteer het. Borgo Laudato ontwyk die kwessie op sy beurt.

Gevolglik bly die kernvrae onbeantwoord. Het die welgesteldes en invloedrykes vir die ete met die Pous betaal? Wie het vir die konsert betaal? Het die geld na Borgo Laudato gevloei, of na die Andrea Bocelli-stigting, die stigting wat sedert 2011 mense en gemeenskappe ondersteun wat sukkel "met armoede, ongeletterdheid en die gevolge van siekte en sosiale uitsluiting"?

Die finansies van Borgo Laudato is nie publiek nie. Dit is 'n Vatikaanse stigting wat, soos weer eens duidelik is, finansieel heeltemal onder die radar beweeg. Maar intern word die deelnemers aan die privaat ete met die Pous "weldoeners" genoem.

"Dinge by Borgo Laudato word heeltemal op die Amerikaanse manier gedoen," sê 'n ingeligte. Fondsinsamelings geskied danksy welgestelde private borge, hetsy deur stigtings wat deur hulle opgerig is

## Vance voer veldtog vir Republikeinse kandidate in Ohio



*JD Vance*

In aanloop tot die Amerikaanse middeltermyn verkiesing, is visepresident JD Vance besig om Republikeinse kandidate te ondersteun.

Verlede week het hy 'n andersins raserige skare stilgemaak nadat hy die aangrypende verhaal van Kevin Flanagan, 'n rekenaarprogrammeerder van Kalifornië, vertel het.

Vance het 'n toespraak gelewer ter ondersteuning van die veldtogte van die goewerneurskandidaat, Vivek Ramaswamy, en senator Jon Husted in Middletown, Ohio, toe hy die opmerkings gemaak het.

"Ek onthou toe iemand skool toe sou kom en vir my sê dat hul pa pas uitgevind het dat hy sy werk verloor het. Dat die fabriek wat hul ouers in diens geneem het, oorsee na China of Mexiko sou gaan," het Vance gesê.

"In ander gevalle is Amerikaanse werkers se werk nie net vernietig nie; hulle is meegedeel dat hulle deur 'n buitelandse werker vervang word, en dan moes hulle daardie werker oplei voordat hulle vervang is. Sommige van hierdie stories het nasionale nuus gehaal, en hulle het by my gebly," het Vance gesê.

"'n Rekenaarprogrammeerder, nie 'n meulwerker nie, 'n rekenaarwerker met die naam Kevin Flanagan is by die bank waar hy gewerk het, ontslaan. En die besigheid, die bank, het vir hom gesê: 'Jy gaan net jou skeidingspakket kry as jy 'n buitelandse plaasvervanger oplei om jou werk te doen,'" het Vance gesê.

"En dis 'n hartverskeurende storie, want hy het dit gedoen; hy het pligsgetrou gedoen wat hy gevra is om te doen. En op sy laaste dag het hy sy goed gepak, na die kantoor se parkeerterrein geloop, in sy bakkie geklim en homself geskiet."

Die skare was stil terwyl hulle die storie verwerk het. Vance het Flanagan se storie ook met die opioïedkrisis verbind. (Die opioïedkrisis verwys na die ernstige probleem van verslawing aan en misbruik van opioïede, veral in die Verenigde State en Kanada, wat ook tot baie sterftes deur oordosis gelei het. Opioïede is middels wat pyn verminder deur op sekere reseptore in die brein en liggaam in te werk. Dit sluit in Morfien, Kodeïen, Oksikodoon (byvoorbeeld OxyContin), Hidrokodoon, Fentaniel en Heroïen – 'n onwettige opioïed.)

"Die oop grense wat deur dieselfde mense geëis is, het onskuldige mense ingebring; natuurlik het dit," het Vance bygevoeg. "Maar ons weet ook dat dit baie kartelle meegebring het. Dit het die fentanielhandel meegebring, en dit het ons met miljoene weeskinders gelaat wat deur gegriefde grootouers grootgemaak word."

Flanagan se dood in 2003 het nasionale opslae gemaak. In 'n nota wat hy agtergelaat het, het hy gesê dat hy uiteindelik tuis gevoel het toe hy sy werk by Bank of America gekry het.

Hy het verder die bekende boodskap van die Louisiana Demokratiese Senator Huey P. Long van die 1930's aangehaal.

"Huey Long het eenkeer gesê 'elke man 'n koning', was die doel van sy politieke program, maar geen man is 'n koning as hul kasteel deur misdadigers beleër word nie," het hy afgesluit. "Geen man is 'n koning as hulle nie hul gesin vir aandete kan uitneem sonder om beroof te word of hul motor gekaap word nie."


---

## Pous heul met ryk Amerikaners

Die Roomse Pous het drie weke met vakansie deurgebring in die pouslike paleis in Castel Gandolfo, wat sy voorganger Francis in 'n museum omskep het. Op Maandag 27 Julie het hy na die Vatikaan teruggekeer, maar twee dae later was hy reeds terug in die dorpie by die paradysagtige vulkaniese meer, 'n halfuur se ry vanaf Rome.

Die webwerf van die Borgo Laudato si' het 'n oomblik van gebed vir vrede vir daardie aand aangekondig, ter geleentheid van die 800ste herdenking van die dood van Francis van Assisi. Die tenoor Andrea Bocelli het

# Buiteland



## Buitelanders vul Belgiese tronke



In 2025 het gemiddeld 2 559 Belgiese gevangenes 'n geregistreerde nasionaliteit van een van die 24 MENAPT-lande gehad. “MENAPT is 'n statistiese afkorting wat staan vir die Midde-Ooste, Noord-Afrika, Pakistan en Turkye,” verduidelik Ortwin Depoortere (Vlaams Belang), voorsitter van die Huiskomitee vir Binnelandse Sake, wat die syfers van Minister van Justisie Annelies Verlinden (CD&V) aangevra het. “Uit 'n totale gemiddelde gevangenisbevolking van 13 043, is dit 19,6 persent: byna een uit elke vyf. Enigiemand wat nie bereid is om sulke syfers ernstig te ondersoek nie, steek doelbewus hul kop in die sand.”

Die groot aandeel van drie Maghreb-lande (Marokko, Algerië, Tunisië en [Libië] is opvallend. Gemiddeld was 1 106 Marokkane, 660 Algeryne en 246 Tunisiërs in 2025 in Belgiese gevangenisse opgesluit. Saam verteenwoordig hulle 78,6 persent van die MENAPT-groep en 15,4 persent van die totale gevangenisbevolking. “Dit is amptelike syfers van die Ministerie van Justisie,” sê Depoortere. “Byna een uit elke vyf gevangenes het MENAPT-nasionaliteit, en meer as een uit elke sewe gevangenes is Marokkaans, Algeryn of Tunisiër. Die tendens is ook opvallend. Sedert 2021 het die gemiddelde MENAPT-gevangenisbevolking met 34 persent gestyg, vergeleke met ongeveer 25 persent vir die gevangenisbevolking as geheel. Die aantal veroordeeldes binne die MENAPT-groep het selfs met 54 persent toegeneem.”

Depoortere het die syfers verkry na 'n breër parlementêre ondersoek waarby verskeie federale ministers betrokke was oor die registrasie van nasionaliteit en oorsprong. Verlinden het voorheen regsbesware rakende oorsprongregistrasie uitgewys, maar bevestig nou self dat die gevangenisstelsel se SIDIS Suite-databasis nasionaliteite statisties kan groepeer. Minister van Binnelandse Sake, Bernard Quintin, het ook bevestig dat die polisie kan selekteer op grond van MENAPT-nasionaliteite. Verder het Minister van Werk en Ekonomie, David Clarinval, bevestig dat sy administrasie selfs met die geboorteland en oorsprong van ouers vir arbeidsmarknavorsing werk. “Blykbaar kan die regering oorsprong ondersoek wanneer dit by die arbeidsmark kom, maar sodra ons misdaad ondersoek, skuil hulle agter diskriminasie en privaatheid,” sê Depoortere. “Daardie verskoning is regtig nie meer geloofwaardig nie.” “Die volstruisbeleid moet stop. Om te meet is om te weet.”




Boonop is die nuwe gevangenissyfers uitsluitlik gebaseer op geregistreerde nasionaliteit. Hulle wys dus nie hoeveel Belgiese gevangenes 'n Marokkaanse, Algerynse, Turkse of ander MENAPT-agtergrond het nie. Na die parlementêre reses is Depoortere dus van voorneme om verdere inisiatiewe te neem om die regering aan te spoor om akkurate statistiese navorsing te doen oor die migrasie-agtergrond van die hele gevangenisbevolking. “Ons wil niemand anders behandel as gevolg van hul oorsprong nie. Maar enigiemand wat misdaad wil bestry, moet dit waag om te meet en patrone te benoem. Die volstruisbeleid moet stop. Om te meet is om te weet.”

*(Vervolg op bladsy 8)*

# Bou 'n sterk vesting in Afrikaans

Perspektief

deur Meinhard Peters



Die neerlaag in die Vryheidsoorlog van 1899-1902 was een van die grootste rampe wat ons volk ooit kon tref. Na die militêre onderwerping van die oorlog is daar onmiddellik begin om ons volk kultureel te verengels. Lord Milner se beleid was die voortsetting van Lord Charles Somerset se pogings in die 1820's. Suid-Afrika moes eenvoudig net nog 'n onderdeel word van die "magtige Britse Ryk", waaroor die son nooit sou sak nie. Ons volk het die verlies van sy vryheid ervaar en moes na 1902 ook die aanslag op hul taal beleef.

Die Boerevolk, wat met al die smart en verliese te doen gehad het, is deur die oorwinnaars beskou as onderdane wat deur die onderwys ingeknie moes word in die Engelse taal, Engelse gewoontes en Engelse gedrag. Hulle moes leer om hul eie verlede te verag en dit te vergeet. Te midde van hierdie krisis het Afrikanerleiers (soos generaal JBM Hertzog en president MT Steyn) besef dat die volk se selfrespek herstel moet word deur harde werk op taalgebied. Die jong Afrikaanse taal het 'n strydmiddel geword teen die hooghartige oorwinnaars. Leiers het besef: Wanneer 'n volk eenmaal vervreemd raak van sy taal, sterf daardie volk. Die moord op Afrikaans is in werklikheid moord op die siel van die Afrikaner. Mag so 'n ramp ons nooit tref nie.

In die bespreking van ons volk se uitdagings lui Punt Nommer Sewe: ***Ons moet vir onsself 'n vesting in Afrikaans opbou en dit jaloers handhaaf.*** Besef ons wat dit van ons vra? Dit sal een van die hoekstene van ons stryd om vryheid moet word. Die onverskilligheid jeens Afrikaans in eie geledere is kommerwekkend. Ek haal die teks van hierdie saak volledig aan:

*Waar lê die groot toets vir die Afrikanervolk? Ons insiens op taalgebied. Wanneer ons begin om ons taal te verwaarloos, wanneer ons dit swak gebruik, wanneer kinders nie meer onderwys ontvang in Afrikaans nie, sal die hart van Afrikanerskap uit ons volk geruk word. Op taalgebied moet ons baie sterker staan as wat tans die geval is. Wanneer ons praat van kultuurprodukte en kultuurstrategieë,* ***moet Afrikaans as taal die algemene bindende krag wees.***

*Om werklik groot prestasies te kan lewer in die toekoms, moet ons volk sy taal koester en uitbou. Wat ook al gebeur in ons land, bestaan die geleentheid nog altyd om in ons eie letterkunde uitstaande werk te lewer. Daarom mag ons nie verval in middelmatigheid, argeloosheid en slordigheid in die gebruik van Afrikaans nie. Taaltrots en volkstrots loop hand aan hand, want die een kan nie slaag sonder die ander nie.*

*Afrikaans was na die Tweede Vryheidsoorlog 'n ware vesting vir ons. In ons eie taal kon ons volk sy eie waarde terugvind en dit oordra aan die volgende geslagte. Dit moet weer ons vaste oogmerk wees, 'n ideaal waarvoor ons onvermoeid moet werk.*

Ek dink die meeste lede van ons volk sal hiermee saamstem; die probleem lê egter in die praktyk, waar ons te maklik toegee aan Engels. Die ideaal van die rewolusionêre orde wat in 1994 aan bewind gekom het, is om die identiteit van Afrikaners te verswelg deur Engels op elke terrein te bevorder. Deur verengelsing moet die Afrikaners se sin vir verset afgebreek word; hulle moet aanpas en deel word van die "nuwe nasie". Sulke propaganda beleef ons elke dag.

'n Mens is dankbaar vir elke organisasie wat nie hul rug buig nie, en wat aan die werk spring om Afrikaans te handhaaf en te bevorder – deur feeste, skryfkompetisies, musiek, nasionale dae, radiodienste, nuwe skole en selfs 'n universiteit. Wat wel nodig is, is dat dit gesien moet word as deel van ons stryd om as volk weer ons staatkundige vryheid te herwin. Alleen wanneer ons sterk uitstaan tussen ander rasse en volke as 'n strydende volk vir vryheid, 'n volk met die reg op 'n eie lewensruimte, sal ons die wêreld kan oortuig dat ons die reg het op 'n eie staat en 'n eie vaderland. Anders word ons net gesien as 'n subkultuur in die smeltkroes van die nuwe Suid-Afrika. Die taalruimte en die politieke ruimte moet saam beset word. Taalhandhawing op sy eie, sal nie die nodige trefkrag hê wanneer dit nie ook sterk politieke doelstellings insluit nie.

Die twaalf strategiese uitdagings moet dus in geheel gesien word. Dit is sake wat alles belangrik is vir ons in die veranderde omstandighede waarin ons nou lewe. Prestasie op een gebied (byvoorbeeld in die ekonomiese stryd) bevrug prestasie op ander gebiede. Taalprestasies sal ons volk se selfbeeld, trots en selfrespek versterk. Dit verg niks minder nie as toewyding aan Afrikaans op elke terrein van ons lewe.

Waar begin ons? Dit is voor die hand liggend dat dit juis in elke gesin moet begin. Laat ons ons opnuut inspan om goeie Afrikaans in ons huise te gebruik, om trots te bly op ons taal, om mekaar te ondersteun en om swak taalgebruik uit te skakel. Ons hoef nie sleg te voel wanneer iemand ons reghelp met ons taalgebruik nie. Dit is deel van die uitdaging om 'n hele nuwe gees ten gunste van Afrikaans te skep. ■

# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

## Politiek van die nuwe imperialiste

**Hermanus van der Schyff**

In hierdie uitgawe haal ons ‘n verdere stuk aan uit mnr. Jaap Marais se boek: "Waarheid en werklikheid".

"Die veldtog om rassegelykstelling en rasse-integrasie in Suid-Afrika te bevorder, het waarskynlik 'n sterker finansieel-pragmatiese motief as 'n ideologiese oogmerk. Vir die Hoggenheimers is dit al hoe lonender as rasse-, kultuur en godsdiensverskille in 'n bevolking gelyk geskaaf word. Sulke verskille is nie net versperrings en grense tussen groepe nie, maar godsdiens- en kultuurbewustheid laat mense geloofs- en ideaalgerig leef.

"Die finansiële imperialiste wil 'n volk verbruiksgerig laat leef - gefassineer deur advertensies, beïndruk deur tegnologiese nuwighede, behep met hoeveel verdien kan word met die minste kennis, wat die kweekbodem is vir skeptisisme oor heldedom, geroepenheid, beginsels, en wat mense afkerig maak van opoffering ter wille van iets groters as hulleself. Oor hierdie soort samelewing is daar geen welsprekender getuie as Richard Weaverin se *essays* nie.

"Die finansiële imperialiste sien grense van taal, kultuur, godsdiens en ras en ook van ekonomiese en politiek as hindernisse vir arbeid- en kapitaalbeweging. Hulle sien verskille in sedes en lewenswyse as beperkinge van afset en wins.

"Dit is natuurlik dat die handhawing van afsonderlike identiteite en die erkenning van grense tussen kulture en sub-kulture hulle dwars in weg lê. Daarom sluit die finansiële imperialiste so gemaklik aan by die politiek van gelykmaking en verplatting van grense. Daarom is die groot ‘kapitaliste’ in die Suid-Afrikaanse politiek nooit aan die regse kant te vind nie, maar altyd aan die linkerkant. Daarom kan hulle nie ideologies teen die kommunisme wees nie en kan hulle hulle nooit vereenselwig met 'n sterk, duidelike anti-kommunistiese politiek nie. As hulle móét kies tussen die kommunisme aan die een kant en nasionalisme of konserwatisme aan die ander kant en albei ewe sterk lyk, sal hulle aan die kant van die kommunisme kies."

Tot sover die aanhaling uit mnr. Marais se boek.

Soos die staat tans lyk met die kommunisme van die ANC, het die nasionalisme nie 'n sterk genoeg basis om dit weer deel van die regerende politiek te maak nie, veral omdat selfs baie Afrikaners sku geword het vir die begrip nasionalisme.

Die enigste uitkoms uit die kommunisme wat ons vertrap, is om weer vir elke ras- en volksgroep 'n eie staat daar te stel sonder dat hulle kan inmeng by ander state.

## Wie het gelieg?

*(Van bladsy 1)*

Wat wel interessant is, is dat die vervolgings eers begin het nadat Mandela uitgetree het en Thabo Mbeki oorgeneem het. Mbeki het selfs sekere wetlike veranderinge onderteken om dié soort vervolgings moontlik te maak. Sou Mandela dus wel ten gunste van so ‘n amnestie gewees het, sou Mbeki en ook die ANC se hoofonderhandelaar, Cyril Ramaphosa daarvan geweet het. Mbeki het die proses vir vervolgings oopgemaak met sy handelinge, en Ramaphosa swyg tot vandag toe daaroor.

As De Klerk die waarheid sou gepraat het, waarom het hy tot en met sy dood toe daaroor stilgebly en gedwee toegesien dat mense vervolg word? Roelf Meyer, tans ANC-ambassadeur in Amerika, sou as die NP se hoofonderhandelaar ook van so ‘n ooreenkoms geweet het. Hy swyg ook in alle tale sodat tot vandag toe mense vervolg word.

Die enigste afleiding wat gemaak kan word, is dat De Klerk en Coetzee aan hulle kabinetskollegas gelieg het, soos hulle oor soveel ander sake gelieg het. ■



**AfriSolar Supplies**

Winkel 1, Bell Geddes Zone,
Braam Pretoriusstreet 321 (h/v Koraalboom),
Magalieskruin

* Solar-produkte
* Installasie van solar-sisteme

**Axel Powroznik: 082 22 44 584**

**sales@afrisolarsupplies.co.za** **facebook: AfriSolar Supplies**

# Woord en wêreld
## Die Getroude Lewe

*Deur Dr. Gideon Grobler*



**Skrifgedeelte:** Hand. 17:27 *"sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie."*

**Oordenking:**

Ek skryf nie dié oordenking omdat Gideon Grobler die perfekte voorbeeld van 'n huweliksmaat is nie. Inteendeel, ek het self hierdie toets baie jare gelede gedop. Deur die genade en skool waardeur die Vader my gesit het, is ek dankbaar vir byna dertig jaar van 'n huwelik wat met alles probeer om 'n huwelik te hê soos God dit wil! Daar is soveel te leer uit mislukking!

Daar is drie sake waarvan elke lid van elke huwelik behoort kennis te neem. In die **eerste** plek dat ons getroud is in 'n gevalle wêreld. Net soos die ware kerk, kerk moet wees, **juis** in hierdie wêreld, moet ons huwelike juis in hierdie wêreld tot eer van God wees. Om te hunker na 'n probleemvrye omgewing, is nie net 'n droom nie, maar is nie God se wil nie. Die getuieniswaarde van ons huwelike lê juis in hiérdie gevalle wêreld.

**Tweedens**, ek is 'n sondaar wat met 'n so daar getroud is. Tussen die twee van ons is daar voortdurend sonde in ons doen en late! Daarom het God vir ons 'n Bybel gegee van mense in huwelike wat gesondig het sodat ons by hulle kan leer hoe om daarteen te veg, maar ook hoe om op te staan wanneer ons geval het!

**Derdens**, God Immanuel is met ons! Met Sy krag, Sy volkome wysheid uit die Skrif, en deur die troos en leiding van die Heilige Gees, is Hy deurentyd en in hierdie gevalle wêreld, waar sondaars met mekaar trou, is Hy by ons, só by ons as wat Paulus in Handelinge skryf: *"...of hulle Hom miskien kon aanraak en vind...!"*

Om in hierdie gevalle wêreld 'n huwelik tot eer van God te hê, het waarskynlik vandag meer uitdagings as 'n geslag of twee gelede. Waarskynlik besef ons nie genoegsaam wat die sogenaamde emansipasie van die vrou alles vir die huwelik inhou nie.

Vir die vroue, om perspektief te hou in die gebod van die Vader dat die man eerbiedig en gerespekteer moet word, terwyl die hele wêreld haar in elke tydskrif, film, samelewings strukture en ook dikwels vriendekring, van die tééndeel wil oortuig, is 'n uitdaging! Die ou spreekwoord wat sê: "Die babatjie wat die hardste skree, kry die bottel!", het hier geweldige toepassing. Ons vrouens het ons voorbidding hierin nodig. Voeg daarby die "waarheid" wat deesdae verkondig word dat respek iets is wat verdien moet word! Wat 'n onbybelsheid! Die Woord gee opdrag dat kinders hul ouers moet respekteer en só die vrou die man! Ook wat werkgewers betref! Hierdie valsheid moet deur ons nek omgedraai word!

Eweveel word die karakter van die man in ons samelewing afgekraak. Daar is sover gevorder met hierdie saak dat 'n baie groot groep mans vandag lamsakkig geword het. Hulle weet óf nie waar en hoé nie, óf het nie die moed om leiding te neem en voet neer te sit waar dit nodig is nie. Sit en neem bietjie waar by publieke geleenthede, waar 'n gesin ingestap kom, wie neem die leiding. Dit is werklik selde die man. Broeders, hierdie gaan tog duidelik nie oor baas speel nie, maar daaroor om die verantwoordelikheid wat die Woord ons as mans gee, op te neem en uit te voer.

Ons mag nie opgee nie! Laat ons werk in ons huwelike tot eer van ons hemelse Vader!

**Gebed***: Hemelse Vader, laat ons asseblief die krag wat U ons in ons opgestane Verlosser gekry het, gebruik om vir U huwelike te wees in hierdie wêreld!*

**Amen**

# Die Rebellie van Slagtersnek, 1815-1816

**Prof. Fransjohan Pretorius**

Danksy die objektiewe navorsing van JA Heese 45 jaar gelede kan ons nugter na die rebellie van Slagtersnek kyk.

In 1806 het Brittanje die Kaap van die Nederlanders oorgeneem. Die Britte was nie oral aan die Kaap welkom nie. Die feit dat die Britse owerheid Khoekhoen (die ou benaming was Hottentotte) as soldate (pandoers) gebruik het, het dinge vererger. Die Afrikaners het gereken dat die swart inwoners hul mindere was. Dit is die agtergrond waarteen die rebellie van Slagtersnek gesien moet word.

Die klag van mishandeling wat 'n Khoekhoenman, Booy, by die landdros op Cradock teen sy werkgewer, Freek Bezuidenhout, ingedien het, sou die Slagtersnek-gebeure inlui.

Bezuidenhout is verskeie kere gedagvaar om in die landdroshof te verskyn. Hy het nooit opgedaag nie, die geregsbodes gedreig, en uiteindelik jig as verskoning aangevoer. Hy is skuldig bevind aan minagting van die hof en tot 'n maand tronkstraf veroordeel.

Luitenant Rossouw met 14 pandoers moes hom gaan arresteer. Met hul aankoms op sy plaas op 10 Oktober 1815 het 'n gewapende Bezuidenhout met 'n bruin man, Hans, en 'n wit man, Jacob Erasmus, in 'n grot gaan skuiling soek. Bezuidenhout was 'n ruwe karakter van geen goeie inbors nie. Hoewel hy drie kinders gehad het, was hy nooit getroud nie. Hans was sy eie seun by 'n bruin vrou, Maria Eckard.

Nadat Rossouw vergeefs probeer het om Bezuidenhout sover te kry om hom oor te gee, het 'n oor-en-weer-skietery ontstaan. 'n Koeël uit 'n pandoergeweer het Bezuidenhout dodelik getref.

Dit was 'n oordeelsfout om pandoers te stuur om Bezuidenhout te arresteer, maar terselfdertyd het hy nie gehuiwer om van 'n bruin man se ondersteuning gebruik te maak nie.

Freek se broer, ook Hans, het wraak gesweer. Van dieselfde allooi as sy broer, het hy buite-egtelik met Martha Faber saamgeleef, en kinders by haar gehad. Toe hy later voor die landdros trou, is dit nie kerklik ingeseën nie.

Hans het begin om 'n rebellie teen die Britse owerheid te organiseer. Hendrik Prinsloo het nou die inisiatief geneem. Per kennisgewing het hy inwoners van die Tarka-distrik opgeroep om "met Gods hulp in volle vryheid vir hulle land te veg". Gaika, die opperhoof van die Xhosas, het geweier om saam te werk en die Suurveld binne te val.

Sommige opstandelinge het landdroste Stockenström van Graaff-Reinet en Cuyler van Uitenhage se waarskuwings ter harte geneem, en by Slagtersnek oorgegee. Hans Bezuidenhout het egter met sy gesin na Xhosagebied probeer vlug, maar is deur 'n gesamentlike mag van burgers en pandoers doodgeskiet.

In Januarie 1816 is Hendrik Prinsloo, C Faber, SC Bothma, AC Bothma en Theunis de Klerk skuldig bevind aan gewapende opstand en ter dood veroordeel. Op 9 Maart is die vonnis op Van Aardtspos voltrek, maar nie sonder intense drama nie. Vier van die vyf galgtoue het gebreek en die mans het op die grond neergeval. Daarna is hulle een-een gehang.

Heese wys daarop dat die rebellie van Slagtersnek geen uiting van die Afrikaner se onafhanklikheidstrewe was nie — dit was eerder 'n wanklank in die ontwikkeling van die Afrikaanse nasieskap.

(uit: *Terugblik — 80 sketse van ons verlede* deur Fransjohan Pretorius. Protea Boekhuis, Pretoria (nuwe naam Aristata Boekwinkels). Met goedgunstige toestemming van die outeur).

---


## *Die Afrikaner-* uitboufonds

**Bankbesonderhede**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds

**Verwysing**: U naam en van **Bewys van betaling: hnpvansa@gmail.com**

Die Redakteur……………

# Aan jou vriende word jy geken

Die welbekende Afrikaanse spreekwoord dat jy aan jou vriende geken word, bly meesal van toepassing.

Die partypolitiek van die laaste paar jaar, het dit al by uitstek bewys.

Sedert die ANC bloedneus gekry het by die laaste algemene verkiesing, het daar skielik nuwe vriendskappe ontstaan tussen wat voorheen gelyk het geswore vyande te wees. Almal het hulle laat vang met die gedagte van 'n "eenheidsregering", is almal vriende, en is politieke tande getrek sodat niemand werklik gebyt word en seerkry nie.

Noudat daar weer plaaslike regeringsverkiesings op die horison is, word daar dalk meer kritiese geluide gemaak, alhoewel dit ook maar sag is.

Dit is geen staatsgeheim dat die land se plaaslike regerings in chaos verkeer, feitlik sonder uitsondering. In die meeste is die ANC in beheer, en het daar drie dekades van korrupsie, wanbestuur, diefstal en rampokkery plaasgevind.

Feitlik alle deelnemende partye roem daarop dat hulle beter sal doen en al die onheile van die verlede sal uitwis. Daar is egter min wat die moed het om die ANC direk aan te val en te blameer vir die gemors. Natuurlik kan hulle nie juis nie, want dan verval hulle in onguns by die grootbaas wat vir hulle ministersposte gee. Dus, dalk is ons nie te groot vriende nie, maar darem ook nie vyande nie.

Die politieke toneel leen homself juis toe vir hierdie soort optrede. Eenmaal in 'n koalisie word vyande skielik vriende, en ter wille van daardie "vriendskappe" word toegewings gemaak wat jou eie beeld en saak skaad. En in die proses word daar redelik wyd met die waarheid omgegaan.

Helaas gebeur dit ook buite die partypolitieke toneel. Van tyd tot tyd word vreemde bedmaats skielik saam gewaar.

Die jongste vreemde verskynsel is die groter samewerking tussen die March and March-beweging en Afriforum.

March and March, wat ook onder beheer van 'n Zuma staan, het groot ontwrigting veroorsaak met hulle veldtog teen buitelandse werkers.

Ons het ook al in die verlede standpunt ingeneem teen die ongekontroleerde invloei van onwettiges in die land, maar uiteindelik gebeur dit omdat die staat nie sy werk doen nie. March and March het hulle visier gehad op diegene wat in wese die slagoffers was van die regering se versuim om sy plig te doen.

Buitelanders wat goeie werk in die land doen en nie by misdaad betrokke is nie, behoort dit te kan doen, want soveel van die Suid-Afrikaanse burgers het sku geword vir werk, want hulle kry toelaes. Om te dink dat as al die buitelandse werkers uit die land is, die werksku mense skielik hulle poste gaan inneem, is wensdenkery. Om boonop die eise te stel met gewelddadige optrede, intimidasie, en selfs fisieke leed, is in geen beskaafde omgewing aanvaarbaar nie. As dit wel gebeur, is daar groot vraagtekens oor die beskawingsvlakke van die deelnemers of van die omgewing.

March en March het toe te kenne gegee dat hulle wil opruk na Afriforum toe, en die volgende is daar 'n vriendelike Kallie Kriel op 'n foto met March en March se Jacinta Ngobese-Zuma en hy praat in 'n onderhoud dat hulle 'n bondgenootskap wil smee. Dit is byna nog sterker as om deel van 'n koalisieregering te wees. Verder vertel hy van al March and March se goeie hoedanighede, en is hy byna 'n beter segsman vir hulle as wat Jacinda Zuma kan wees.

In 'n ander onderhoud meld Kriel dat die ontmoeting "deel is van 'n fyn uitgewerkte strategie" – 'n stelling wat deur heelwat kommentators met 'n knippie sout geneem word.

Opmerklik is dat Afriforum so 'n rukkie terug by Jacob Zuma gaan tee drink het om te gesels oor selfbeskikking. As Zuma in sy termyn as president niks daaraan wou of kon doen nie, wat sou die kans wees dat hy nou kan of wil aandag daaraan gee? Vandat Zuma sy MK Party het, het hy met die EFF begin meeding in hul verbale aanvalle op blankes en witmonopoliekapitaal. Sou hy ook 'n bondgenoot wees van Kriel en Afriforum?

'n Week tevore het Connie Mulder van die Solidariteit Navorsingsinstituut die stelling gemaak: "Afrikaners was nog nooit so verenig soos tans nie". Dit is ook 'n stelling wat nie korrek is nie, en met dié optrede van Afriforum om vreemde vriende te kies, gaan hy steeds meer Afrikaners van hom vervreem. Tim du Plessis het in 'n artikel gewys op die linksgesinde Afrikaners wat beslis nie met Afriforum of Solidariteit saamstem nie. Namate Afriforum meer vreemde vriende en bondgenote kies, en homself net so links-sentraal posisioneer as die ou NP, sal hy ander steun verloor. Min Afrikaners het werklik lus of simpatie vir Jacob Zuma of March and March! ■

Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898
Nr 2282 28 Augustus 2026

# Wie het gelieg: FW, Nelson of albei?

Volgens ‘n gedeklassifiseerde dokument wat die ondersoekende nuusblad, *Daily Maverick*, opgespoor het, blyk dit dat die ANC ten gunste was van die aanbied van vrywaring vir beweerde misdade uit die apartheid-era.

Notules, wat skynbaar van die laaste kabinetsnotules van die NP-regering was, meld dat FW De Klerk tydens sy laaste kabinetsvergadering gesê het dat 'n ooreenkoms met Nelson Mandela en die ANC oor vrywaring vir apartheidsmisdade 48 uur voor die 1994-verkiesing bereik is.

Twee dae voor die eerste een mens, een stemverkiesing in 1994 De Klerk en sy minister van justisie, Kobie Coetsee, aan die kabinet gesê dat die ANC, onder leiding van Nelson Mandela, ten gunste was van die toestaan van vrystelling van vervolging vir “polities gemotiveerde misdade” uit die apartheidsera. De Klerk sou aan sy kollegas gesê het dat dié ooreenkoms in die belang van "nasionale versoening" gesluit is.

Daily Maverick meld dat die onlangs gedeklassifiseerde notule van daardie vergadering, wat deur die volle Kabinet (afgesien van minister van finansies Derek Keys) bygewoon is, het gelui: "die President en die minister van justisie (Kobie Coetsee) het die Kabinet ingelig oor besprekings wat met mnr. Nelson Mandela gevoer is rakende die verdere toestaan van vrywaring van vervolging vir polities gemotiveerde misdade. Dit blyk dat die leierskap van die ANC, op hierdie stadium, positief is oor die vrywaringsproses as deel van nasionale versoening".

“Die notule is eers in Februarie 2026 gedeklassifiseer, nadat die Khampepe-kommissie van ondersoek na moontlike politieke inmenging in die vertraging van vervolgings na die WVK probeer het om bewerings te ondersoek dat hierdie vroeë ‘geheime onderhandelinge’ die toneel geskep het vir wat getuies en outeurs Michael Schmidt (Death Flight) en die Duitse geleerde Ole Bubenzer 'n "Vergeetpakt" genoem het,” skryf *Daily Maverick*.



*Groot vriende.*

Die gebeure sedertdien vertel egter die teenoorgestelde.

Die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK, wat ook die Lief en Biegkommissie genoem is) het gepoog om soveel as moontlik veral Afrikaners daar te kry om te getuig. Van die oud-weermag- en polisielede het aansoek gedoen om amnestie. Sommiges het gekry, ander is later vervolg, soos oud-polisieminister Adriaan Vlok van voetewas-faam, genl. Johan van der Merwe, Eugene de Kock en andere. Daar is selfs tans nog sake aan die gang teen sogenaamde “apartheidsmisdadigers”.

Dit laat die vraag ontstaan wie gelieg het oor dié ooreenkoms? Het FW de Klerk en Kobie Coetzee dit aan hulle kollegas opgedis om hulle tevrede te hou, aangesien dit bekend was dat nie almal so opgewonde was oor die voorwaardes van die De Klerk – Meyer oorgawe aan die ANC nie?

Of het Nelson Mandela gelieg teenoor De Klerk sodat daar nie ter elfder ure een of ander terugslag vir die oorgawe sou kom nie?

*(Vervolg op bladsy 7)*